



Sol-Tech

# VROEËKINDERJARE ONTWIKKELING

**Hier leer ons...  
buite die boeke.**



**2025**



# VROEÛKINDERJARE ONTWIKKELINGS PRAKTISYN

## Wat behels die kwalifikasie:

Vroeëkindere ontwikkeling behels die ontwikkeling van 'n kind van geboorte tot skoolgaande ouderdom. Aspekte soos voeding, gesondheid, ouderdomspesifieke aktiwiteite, deernis en toegeneentheid, sosiale interaksie, asook leer geleenthede word as deel van die kwalifikasie gedek.

Die intreevlak-kwalifikasie bekwaam studente om met babas, peuters en kleuters (0 – 5 jaar) te kan werk.

Na die suksesvolle voltooiing van die kwalifikasie sal die student instaat wees om as 'n vroeëkindere ontwikkelingspraktisyn tot op gr. RR-vlak te kan werk.

## Die student sal onder meer:

- Inklusiewe aktiwiteite rakende die holistiese ontwikkeling en welstand van 'n kind kan voorberei en toepas.
- Die holistiese leer van kinders kan fasiliteer.
- Kinders se ouderdomspesifieke progressie kan observeer, assesseer en dokumenteer.
- Verslae rakende 'n kind se ontwikkeling en leer kan skryf.
- Die algehele welstand, gesondheid, veiligheid en beskerming van 'n kind help bevorder.
- Bydraes tot die jong kind se emosionele, sosiale en intellektuele ontwikkeling kan lewer.
- Met kennis, insig en selfvertroue met die ouers, mede personeellede en ander rolspelers buite die sentrum kan kommunikeer.
- Agtergrondkennis oor die beplanning, daarstelling en onderhouding van die wetlike aspekte om 'n VKO-sentrum te vestig en op te bou.

## Meer oor die kwalifikasie:

Die kwalifikasie bestaan uit vier komponente:

- Teorie met praktiese toepassing (9 maande) op kampus.
- Toegepaste praktiese waarneming (gelyktydig met teorie) by 'n kleuterskool.
- Werksgeïntegreerde leer (3 - 6 maande) by 'n kleuterskool.
- Eksterne geïntegreerde summatiewe assessering (geskrewe eksamen asook ongeveer twee dae se assesserings van praktiese take by 'n kleuterskool).

## Kwalifikasie inligting

Kwalifikasie naam: Beroepskwalifikasie: Vroeëkindere ontwikkelingse praktisyne

Akkreditasie liggaam: QCTO

Assessering gehalte vennoot: ETDP SETA

Kwalifikasie: NKR-vlak 4, 131 krediete

SAQA ID: 97542

QCTO kurrikulumdokument: 234201000



## Klasaanbiedinge, klastye en waarnemingsdae:

**Tuisstudie:** Drie ure se tuisstudie per dag in die vorm van omgekeerde klaskamer van Maandae tot Donderdae as voorbereiding vir die kontakssessies, behalwe op waarnemingsdae.

**Kontakssessies:** 3 ure se kontakssessies op kampus van Maandae tot Donderdae behalwe waarnemingsdae.

Kontakssessies word verdeel in teorie en praktiese sessies op kampus.

**11h30 tot 13h00** - (Oggend praktiese klas slegs vir skoolverlaters).

**14h00 tot 15h30** - (Gekombineerde teorieklas vir beide skoolverlaters en werkendes).

**15h30 tot 17h00** - (Middag praktiese klas slegs vir werkendes).

**Waarnemingsdae:** Dit vind plaas volgens die rooster. Waarneming vind soggens plaas by 'n vooraf goedgekeurde VKO-sentrum.

Die student neem waar en voltooi die toepaslike opdrag soos voorgeskryf in die Studenteportefeulje. Elke waarnemingsdag word opgevolg met 'n uurlange kleingroep aanlyn klas wat geskeduleer sal word in 'n spesifieke tydsgleuf.

**Vrydae:** Sommige Vrydae word gebruik vir terugvoersessies en/of assesserings wat vroegtydig gekommunikeer sal word. Die oorblywende Vrydae moet nuttig gebruik word vir voorbereiding of voltooiing van individuele tuisopdragte.

### **Assessering:**

- Deurlopende formatiewe teoretiese assesserings sowel as praktiese evaluasies by 'n kleuterskool.
- Interne teoretiese en praktiese geïntegreerde assessering (FISA).
- Saamstel van 'n teoretiese en praktiese portefeulje vir evaluasie deur assessering gehalte vennoot (ETDP Seta).
- Eksterne geïntegreerde summatiewe assessering (EISA) bestaan uit 'n geskrewe vraestel en een tot twee dae praktiese demonstrasies van vaardighede in 'n kleuterskoolomgewing. Om die kwalifikasie te behaal moet die EISA geslaag word.

### **Teikenmark:**

Skoolverlaters wat in 'n kleuterskool werksaam wil wees. Individue wat reeds in 'n kleuterskool werk maar 'n formele kwalifikasie wil verkry.

- Au-pairs
- dagmoeders
- kinderoppassers
- tuisskoolmamas wat met 0 – 5 jarige kinders wil werk.

### **Opleidingstydperk:**

Ongeveer 12 maande

### **Inname datums:**

Januarie en September

### **Inname kapasiteit:**

Tot 25 studente per inname

### **Toelatingsvereistes:**

- Gr. 12
- SAPS-polisielklaringsertifikaat en kinderbeskermingsertifikaat

Sol-Tech staan die student met die aansoekproses vir die polisielklaringsertifikaat by. Aansoek vir die polisielkaring- en kinderbeskermingsertifikate word gedurende die student se oriëntering op kampus behartig.

Die polisielkaring- en kinderbeskermingsertifikate vorm deel van die toelatingsvereistes waaraan 'n student moet voldoen, maar die student kan die aansoekproses sonder die sertifikate voltooi en die nodige sertifikate tydens die oriënteringsweek bekom.

- Beëdigde verklaring om aan te toon dat die student nie 'n kriminele rekord het nie, nie op deel

B van die Nasionale Kinderbeskermingsregister verskyn as 'n persoon wat ingevolge Artikel 120 van die Kinderwet nr. 38 van 2005, onbevoeg bevind is om met kinders te werk nie (Templaat word verskaf).

Die student sal self vorm sewe moet inhandig om te bevestig dat hy/sy nie op die Nasionale Kinderbeskermingsregister verskyn nie. Hierdie klaring is nie 'n toelatingsvereiste vir studies nie maar 'n voorvereiste volgens die Kinderwet vir enige persoon wat die beroep wil betree om eendag met kinders te mag werk (Vorm word verskaf).

## Programkoste:

Verwys na die **Sol-Tech** webwerf vir fooie asook **SFD**-leningskriteria

\* Fooie asook inname datums en duur van studie is onderhewig aan verandering na gelang vandepartementele wysigings, regulatoriese bepalings en ekonomiese omstandighede.

### Addisionele items wat die student self moet aanskaf:

- 110 liter plastiekhouer met deksel
- Eksamenblok met waterlyne vir groepwerk
- Stel kleur inkpenne 12 of 24 (eie keuse)
- Twee dik en 2 dun swart permanente merkers
- Verfkwas vir akrielverfwerk
- Akrielverf
- Stoppuntnaald en wit garing
- Blinkers, plakkers, linte, vere, ogies en oulike stempels vir die versiering van hulpmiddels op papier / karton
- A4-papier eksamenblok, gemengde pastelkleure
- Velle gekleurde skuimspons
- A4-karton eksamenblok, helderkleurig
- Tien A3-kartonne wit of gekleurd
- Rol bruinpapier (Rugkant - 35mm, Breedte - 27cm)
- A4-karton eksamenblok helderkleurig
- Tien A3-kartonne wit
- Rol bruinpapier
- Rol gewone plastiek / of 'n klein rolletjie kleefplastiek
- Drie dun ringlêers
- Twee x30 sakkies flip files
- Buisie Bostick
- Twee buise PRITT
- Dubbelkant kleefband
- Deursigtige kleefband
- Rolletjie Velcro

- Sirkelstensel
- Liniaal
- Twee Storieboekies vir kleuters wat inklusiwiteit uitbeeld
- Bederfbare produkte sal aangekoop moet word soos benodig, bv. vir die maak van klei
- Toegang tot 'n goeie rekenaar met voldoende internetspoed om die weeklikse aanlyn terugvoerklas te kan bywoon, asook om

### Afvalmateriaal benodig:

- Karton toiletrolletjies
- Tydskrifte wat gemik is op die gesinslewe en kleutersorg.
- Houers vir verf en water
- Een vierkantige sneesdoekiehouer
- Drie kartonbokse of afval riffelkartonvelle

### Voorgeskrewe boeke benodig:

#### Nuwe Alles-In-Een Handleiding vir voorskoolse aktiwiteite

- Best Books uitgewers
- Mart Meij, Rina Erasmus, Amorie van Straaten

#### Nuwe Alles-In-Een Voorskoolse Aktiwiteitsboek 1

- Best Books uitgewers
- Mart Meij, Rina Erasmus, Amorie van Straaten

#### Nuwe Alles-In-Een Voorskoolse Aktiwiteitsboek 2

- Best Books uitgewers
- Mart Meij, Rina Erasmus, Amorie van Straaten